Cusic, D. 1990. The Sound of Light: A History of Gospel Music. Madison, Wisconsin: Popular Press.

De Plicque, C. 2011. Why Gospel is so Hot. <www.deplicque.net.> Accessed 28 October 2014.

Dowley, T. 2011. Christian Music: A Global History. Minneapolis: Fortress Press.

Easton's Bible Dictionary. <http://www.biblestudytools.com> Accessed 12 June 2014.

Floyd, S.A. 1995. The Power of Black Music: Interpreting its History from Africa to the United States. Oxford: Oxford University Press.

Jackson, J.A. 1995. Testifying at the Cross: Thomas Andrew Dorsey, Sister Rosetta Tharpe, and the Politics of African-American Sacred and Secular Music.

Jackson, P. 2006. The Literal and Metaphorical Inscription of Gesture in Religious Discourse. *Gesture* 6(2):215-222.

Johnson, B.J. 2008. "Oh For A Thousand Tongues To Sing": Music and Worship in African American Mega-churches of Los Angeles, California. Ann Arbor: UMI Press.

Lakoff, G & Johnson, M. 1980. Metaphors We Live By. Chicago: University of Chicago Press.

Little David Play on Your Harp. <http://lyrics.bandwidth.com/chrisbryant/little-david-play-on-your-harp> Accessed 12 June 2014.

Maultsby, P.K. 2010. The Impact of Gospel Music on the Secular Music Industry. K. Lornell (ed.). New York: Pearson: 173-187.

Miller, M. 2009. 'The Promiscuous Gospel': The Religious Complexity and Theological Multiplicity of Rap Music. *Culture and Religion: An Interdisciplinary Journal* 10(1):39-61.

Precious Lord, Take My Hand. http://pjmiller.wordpress.com

Ricoeur, P. 1995. Figuring the Sacred: Religion, Narrative and Imagination. Minneapolis: Augsburg Fortress.

Spencer, J.M. 1995. Protest and Praise: Sacred Music of Black Religion. Minneapolis: Fortress Press.

Thompson, J. 1990. Ideology and Modern Culture: Critical Social Theory in the Era of Mass Communication. Cambridge: Polity Press.

Zanfagna, C. 2012. Kingdom Business: Holy Hip Hop's Evangelical Hustle. *Journal of Popular Music Studies* 24(2):196-216.





## BEROEMDE KLASSIEKEN IN DE JACOBI




**Gerrit Christiaan de Gier bespeelt het Garrels/Meere-orgel en het Hess-kabinetorgel in de Jacobikerk te Utrecht.**

**A. Vivaldi**: *Allegro uit Concerto in Do, RV 180/1 (bewerking Fr. Tasini), Grave uit Concerto in Re, RV 206/2 (bewerking Fr. Tasini);* **A. Vivaldi**: *Concerto in D (bewerking J.S. Bach, BWV 972) (Allegro – Larghetto – Allegro);* **W.F. Bach**: *Menuet;* **G.F Händel**: *Suite XIV in G (Allemande – Allegro – Courante, Air – Menuet – Gavotte – Gigue);* **W. Hayes**: *Andante (2de deel uit Concerto in G, bewerking R. Langley);* **G.F. Händel**: *Eight Tunes for Clay's Musical Clock ( geen aanduiding – Moderato – Allegro – Gigue – Menuet – Moderato – Gavotte – Gigue);* **L. Mozart**: *Uit 'Notenbuch für Wolfgang' (Jägerlied – Marche – Angloise);* **W.A. Mozart**: *Adagio und Rondo in c/C KV 617;* **R. Hol**: *Fantasie Tooverfluit op thema's uit 'Die Zauberflöte' van W.A. Mozart.*


Gerrit Christiaan de Gier (orrel)
JACOBI CD VDG20130621 (CD 77:40)
Nederlandse kommentaar ingesluit
Opname: Jacobikerk, Utrecht, Nederland (2013)

Die Nederlandse universiteitstad Utrecht beskik oor verskeie pragtige kerke, elk met sy eie besondere orrel – sommige van historiese waarde en ander meer modern. Die Jacobikerk, 'n Protestantse gemeente in die middestad, besit 'n pragtige 2-manuaal orrel waarvan die eerste geskiedenis opgeteken is in 1509 toe die Utrechtse orrelbouer Gerrit Petersz. daaraan begin bou het. Met verloop van tyd het verskeie ander orrelbouers die instrument onderhou en dikwels vergroot. In die tydperk 1739-1742 is die orrel totaal omgebou deur Rudolph Garrels en later, gedurende die vroeë 1800's deur Abraham Meere van 'n nuwe rugwerk voorsien. Ongeveer 20 jaar gelede is hierdie sg. Garrels/Meere-instrument, na deeglike navorsing en besluitneming deur o.a. die kerkraad en amptenare van momumentesorg, gerestoureer tot die toestand waarin die orrel was tydens Garrels se ombouing en Meere se rugwerk-toevoeging. Daar is ook 'n mooi kabinet-orrel (een manuaal, geen pedaal) wat in 1774 deur Hendrik Hermanus Hess van Gouda gebou is. Hierdie mooi instrumentjie is in 2003 deur die gemeente aangekoop en in 2011 grondig gerestoureer tot sy volle glorie.

Die huidige orrelis van die gemeente, Gerrit Christiaan de Gier, het 'n gevarieerde en genotvolle program saamgestel waarin hy die twee orrels met musiek uit hoofsaaklik die middel 18de en vroeë 19de eeu, bekendstel. In aansluiting by die gebruik van die genoemde tydperk, bestaan die program hoofsaaklik uit musiektranskripsies van o.a. J.S. Bach, Langley en Tasini. Die luisteraar word dus getrakteer op getranskribeerde musiek wat oorspronklik as concerti, as musiek vir 'n klein instrumentale groep of musikale uurwerk, die lig gesien het. Komposisies wat vir die klavesimbel gekomponeer is, soos die Suite XIV van Händel, asook die W.F. Bach- en Leopold Mozart-werke, word stylvol en met die nodige sprankel op die orrels uitgevoer. Om die musikale geskiedenis van hierdie twee Utrechtse instrumente mooi af te rond, word die

Towerfluit-fantasie van Richard Hol, in lewe orrelis van die Utrechtse Domkerk en direkteur van die Utrechtse musiekskool, ingesluit. Met hierdie programkeuse het De Gier daarin geslaag om op deurdagte wyse, en met 'n fyn aanvoeling vir die musiek en genoemde orrels, twee historiese instrumente van onskatbare waarde te laat hoor.

Die meegaande boekie tot hierdie cd-uitreiking is voorsien van pragtige kleurfoto's van die twee orrels, nabyskote van detail op die orrelkaste, die klawerborde en registerknoppe, asook 'n mooi foto van die kerkinterieur en kleiner nabyskote van sekere kerkmeublement en die plafon met 'n kroonlugter. Bondige inligting oor die kerk, orrels (ingeslote die disposisies) en programkeuse word verskaf. 'n Waardevolle toevoeging (veral vir orreliste) tot al die inligting, is die registrasiekeuses wat die kunstenaar gebruik het. Foto's van De Gier voor die klawers van die Garrels/Meere-orrel, binne die orrelkas en ook op die wenteltrap wat toegang verleen tot die hooforrel, gee 'n meer persoonlike kleur aan hierdie uitreiking. Hierdie puik produk behoort enige musiekliefhebber én orrel-puris groot genot te verskaf. (Vir verder inligting: organist@jacobikerk.nl of webwerwe www.pgu.nu en www.jacobikerk.nl )




## THÉODORE DUBOIS (1837-1924)

**Ad van Sleuwen aan het Maarschalkerweerd-orgel (1902) van de Hofkerk te Bergeijk.**

**T. Dubois**: Uit: "Dix Pièces pour Orgue" (1887): *Entrée in g, Offertoire in b, Elévation in B, Communion in G, Sortie in A*; Uit: "Douze Pièces pour Grand Orgue" (1886): *Marche des Rois mages in E, Toccata in G*; Uit: "Douze Pièces Nouvelles" (1893): *Prélude et Fugue in d, Chant pastoral in c, Cortège Funèbre in f, Alleluia in Es, Noël in a, Offertoire in d, Marche Triomphale in Es.*

Ad van Sleuwen (orrel)
BRABANTSE ORGELKLANKEN BO 17548051 (CD 77:11)
Nederlandse kommentaar ingesluit
Opname: Hofkerk, Bergeijk, Nederland (2006)

Nederland besit 'n skat van pyporrels. 'n Paar honderd daarvan is geklassifiseer as nasionale monumente en daar word baie moeite gedoen om hierdie instrumente met sorg te bewaar. Die restourasie van orrels geniet ook groot aandag en orrelboufirmas het die wetenskap daarvan reeds tot in die fynste besonderhede bestudeer, vervolmaak en toegepas. Hoewel nie alle orrels op die lys van nasionale monumente is nie, is daar heelwat orrels vanuit die laat 19de en vroeg 20ste eeu wat historiese waarde verkry het vanweë die feit dat sommige van hierdie instrumente uit die vroeë bestaan van sekere orrelboufirmas kom, of die laaste instrumente is wat deur firmas wat nie meer bestaan nie, gebou is. Die bydrae van orreliste wat hierdie instrumente op reëlmaat bespeel en klankmatig op CD's vrystel, moet nie gering geskat word nie. In die suidelike Nederlandse provinsie Brabant is 'n hele paar van hierdie pragtige instrumente en deur die projek *Brabantse Orgelklanke* is heelwat van hierdie instrumente se indrukwekkende klanke al op CD vrygestel. Die programme wat vir so 'n projek saamgestel word, verteenwoordig gewoonlik ook musiek uit dieselfde tydperk as waarin die instrument gebou is. Die Nederlandse orrelis Ad van Sleuwen is die dryfveer agter vele van hierdie opnameprojekte in Brabant. Sy klankvaslegging van die orrels in o.a. die St. Josefskerk te Tilburg en die Petruskerk te Hilvarenbeek, is van hierdie gewaardeerde projekte.

Die firma Maarschalkerweerd het verskeie orrels gelewer waarvan die beroemdste sekerlik die prag-instrument in die Amsterdamse *Concertgebouw* is. Maar dit is ook op die platteland waar daar van dié juweeltjies staan wat verdien om gehoor te word. Die orrel in die Hofkerk van Bergeijk is in 1902 gebou en gelewer aan die Hervormde Kerk van Geervliet. Gedurende die tydperk 1999-2000 het dit 'n grondige restourasie ondergaan en is toe oorgebring na die Hofkerk waar dit op Pinkstersondag 2001 ingewy is. Die huidige orrel (twee manuale en pedaal) het 21 registers met nog oorspronklike pypwerk.

Vir hierdie Maarschalkerweerd-orrel se cd-opname het Van Sleuwen 'n mooi program saamgestel met musiek van die Fransman Théodore Dubois (1837-1924) wie se afsterwe 90 jaar gelede pas herdenk is. Dubois was op sy dag kapelmeester van die St. Clothilde- en die Madeleine-kerk in Parys. Hy was ook verbonde aan die Paryse Konservatorium as dosent in Harmonie en Komposisie, en sluit sy loopbaan daar af as Direkteur van die Konservatorium. Dubois was 'n gerekende musikus in 'n wêreldstad, maar sy bekendheid berus deesdae slegs op die borrelende *Toccata in G* uit sy "Douze Pièces pour Grand Orgue" van 1886. Van Sleuwen het met sy programsamestelling die sluier probeer lig oor die werk van Dubois. Hierdie versameling melodieuse komposisies op die CD verteenwoordig die musikale kleinkuns uit die Romantiek op 'n uitmuntende wyse, maar dit toon ook Dubois se deeglike begrip van orrelspel. Van Sleuwen, op sy beurt, bewys dat 'n deeglike kennis van die uitvoeringspraktyke en die registrasiekuns van die Franse orrelskool uit die Romantiek, gekombineer met tegniese vaardigheid en musikale begrip, kleiner komposisies tot skitterende juwele kan omtower. En dan moet daar ook genoem word dat die orrel met sy Frans-georiënteerde klankpalet, sterk geïnspireer deur die Cavaillé-Coll-klankideaal, klankmatig bydra tot die sukses van hierdie CD.

Op die buiteblad van die CD-omslag is daar 'n mooi foto van Dubois met sy noteskrif op die agtergrond. Die agterblad het 'n pragtige kleurfoto van die Maarschalkerweerd-orrel, met sy plasing bokant die hoofingang van die Hofkerk met kleurvolle loodglasvensters as agtergrond. Sodoende kan 'n mens die instrument in verhouding tot die interieur sien. Buiten die program word ook bondige inligting oor die komponis verskaf. Afgesien van 'n skalkse verwysing na die werkie "Marche des Rois Mages", is daar helaas geen bespreking van die ander komposisies nie. Gegewens oor die Hofkerk en die orrel, die disposisie daarvan, asook 'n CV met 'n kleurfoto van die opnamekunstenaar by die speeltafel van die Hofkerk-orrel, rond die inligtingsboekie af. Hierdie cd word met groot genoegdoening aanbeveel. (Vir verder inligting: brabantseorgelklanken@home.nl of Brabantse Orgelklaken, Oeralweg 76, 5022GT Tilburg, Nederland.)